



education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

REKENINGKUNDE

GRAAD 12

MAART 2021

PUNTE: 100

TYD: 1 ½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsy en 'n 5-bladsy antwoordboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig en volg hulle presies.

1. Beantwoord ALLE vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORBOEK word voorsien, beantwoord ALLE vrae daarin.
3. Toon ALLE rekeninge om sodoende deelpunte te verwerf.
4. Jy mag gebruik maak van 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Waar van toepassing, toon AL die berekeninge tot EEN desimale punt.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Indien jy dit verkies, mag jy gebruik maak van die finansiële aanwysers formule blad wat aan die einde van die vraestel aangeheg is. Gebruik van die formule blad is nie verpligtend nie.
9. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as 'n riglyn wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om NIE hiervan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Staat van Komprehensiewe inkomste (Inkomstestaat)	45	45
2	Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat)	35	30
3	Kontantvloeistaat	20	15
TOTAAL		100	90

VRAAG 1: STAAT VAN KOMPREENSIEWE INKOMSTE (INKOMSTESTAAT)
(45 punte; 45 minute)

Jy word voorsien met die vooraansuiweringsproefbalans van Tau Beperk vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2021. Die besigheid handhaaf 'n winsopslag van 40% op kosprys.

GEVRA:

Stel die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021 op. (45)

INLIGTING:

A. UITTREKSEL VANAF DIE VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE 2021

	DEBIET	KREDIET
Balansstaatrekeninge afdeling	R	R
Verbandlening: Vannies Bank		?
Handelsvoorraad	412 000	
Debiteurekontrole	186 000	
Krediteurekontrole		222 000
SAID (Inkomstebelasting)	258 000	
Voorsiening vir oninbare skuld		16 250
Vaste deposito: James Bank	360 000	
Nominalerekeninge afdeling		
Verkope		13 440 000
Koste van verkope	9 600 000	
Debiteureafslag	106 000	
Diverse uitgawes	1 288 740	
Waardevermindering	96 900	
Korting toegestaan	11 200	
Advertensies	43 310	
Direkteursfooie	481 000	
Oninbare skuld	16 900	
Ouditgelde	145 950	
Rente op vaste deposito		5 400
Rente op lening	?	
Verpakkingsmateriaal	31 600	
Huurinkomste		183 848
Salaris en lone	690 000	
Korting ontvang		12 350
Dividende op gewone aandele	222 400	

B. AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING:

- (a) 'n Kredietnota vir R17 640 vir goedere deur 'n debiteur teruggestuur is nog nie geboekstaaf nie. Die goedere is teruggeplaas in die voorraad.
- (b) Een van die twee direkteure het sy direkteursfooie vir Maart en April 2021 vooruitontvang.
- (c) Ontvang R3 150 vanaf die boedel van 'n debiteur wat insolvent verklaar is. Dit verteenwoordig 35 sent in die rand wat hy verskuldig is. Dit is geboekstaaf. Die uitstaande saldo moet as oninbaar afgeskryf word en is nog nie geboekstaaf nie.
- (d) Voorsiening vir oninbare skuld moet tot R6 500 aangesuiwer word.
- (e) 30% van die ouditgelde is op 28 Februarie 2021 uitstaande.
- (f) Voorraadvoorhande op 28 Februarie 2021:
- Handelsvoorraad R413 900
 - Verpakkingsmateriaal R4 830
- (g) Die huur vir Maart 2021 is reeds ontvang en gedeponeer. Neem in ag dat die huur met 12% p.j. vanaf 1 Oktober 2020 gestyg het.
- (h) 'n Werker is uit die Salarisjoernaal vir Februarie 2021 weggelaat. Sy besonderhede is as volg:

	R
Bruto salaris	22 450
Aftrekkings	7 200
Werkgewersbydraes	3 580

Die werkgewersbydrae vorm deel van die salaris en lone.

- (i) Die vaste deposito is op 1 November 2020 belê teen 6% rente p.j. en word nie gekapitaliseer nie.
- (j) Rente uitgawe is die balanserende bedrag.
- (k) Op 1 Maart 2020 toon die inkomstebelasting berekening dat daar R33 000 verskuldig is aan SAID vir Inkomstebelasting vir die jaar.

VRAAG 2: STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE EN NOTAS (35 punte; 30 minute)

- 2.1 Kies die korrekte term om die volgende stelings te voltooi. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (2.1.1 – 2.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

hefboom, solvensie, likiditeits, winsgewendheid, opbrengs

- 2.1.1 Vuurproefverhouding is 'n voorbeeld van die ... finansiële aanwyser.
- 2.1.2 Skuld/ekwiteit verhouding vorm deel van die ... finansiële aanwyser.
- 2.1.3 Persentasie brutowins op verkope is die finansiële aanwyser wat aanspreek.
- 2.1.4 Verdienste per aandeel is 'n finansiële aanwyser wat ... aanspreek. (4)

2.2 TELLO BEPERK

Die inligting hou verband met die finansiële jaar wat op 28 Februarie 2021 eindig. Die onderneming het 'n gemagtigde aandeelkapitaal van 1 800 000 aandele.

GEVRA:

Stel die volgende vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2021 op:

- 2.2.1 Gewone aandeelkapitaalnota (7)
- 2.2.2 Staat van Finansiële posisie (24)

INLIGTING:

- A. Uittreksel vanaf die rekeningkundige rekords op 28 Februarie 2021:

	R
Gewone aandeelkapitaal	?
Behoue inkomste	?
Vaste deposito: BCD Bank	?
Verbandlening: Nosi Bank	?
Vaste/Tasbare bates	?
Debiteurekontrole	568 000
Voorsiening vir oninbare skuld	25 500
Bank (Dt)	557 500
Voorraad	?
Krediteurekontrole	?
Opgelope inkomste	14 500
Vooruitbetaalde uitgawes	?
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige betalings)	505 000

INLIGTING:**A. AANDELEKAPITAAL**

- Op 1 September 2020 het die onderneming 40 000 aandele teruggekoop vanaf 'n aandeelhouer vir R10,30 per aandeel.
- Op 15 Desember 2020 is 120 000 addisionele nuwe aandel teen R12,00 per aandeel uitgereik.

B. DIVIDENDE

- Interim dividend van R189 000 is op 1 Oktober 2020 betaal.
- 'n Final dividend van 56 sent per aandeel is op 28 Februarie 2021 verklaar. Alle aandele in die aandeleregister op daardie datum kwalifiseer vir finale dividende.

C. ADVERTENSIES

Advertensie betaal vir die tydperk beloop R34 400. Dit is vir 'n kontrak met die koerant vir die volle jaar en word maandeliks betaal. Betalings is vir 13 maande gedoen. **LET WEL:** Die maandelikse koers is met R660 vanaf 1 November 2020 verminder.

D. INKOMSTEBELASTING

Die netto wins voor belasting(nadat inligting C in berekening) gebring is beloop R1 860 000. Inkomstebelasting is 28% van die netto wins voor belasting vir die jaar.

- E.** 'n Debiteur met 'n debietsaldo van R3 600 in die Debiteuregrootboek moet nog na sy rekening in die Krediteuregrootboek oorgedra word.
- F.** Daar is drie vaste depositos by BCD Bank. Een deposito, gewaardeer op R150 000 sal op 1 September 2021 verval. Die ander twee van R750 000 verval op 31 Desember 2025.
- G.** R145 000 van die lening sal gedurende die volgende finansiële jaar terugbetaal word.
- H.** Die volgende finansiële aanwysers is korrek bereken nadat alle addisionelle inligting/aansuiwerings in bereken gebring is:
 - Bedryfsverhouding is 1,8:1
 - Skuld ekwiteitverhouding is 0,1:1

VRAAG 3: KONTANTVLOEISTAAT**(20 punte; 15 minute)**

Die volgende inligting hou verband met Umfona Bpk. Die finansiële jaar eindig op 31 Mei jaarliks.

GEVRA:

3.1.1 Bereken die volgende bedrae vir die Kontantvloeistaat geëindig 31 Mei 2020:

- Belasting betaal (4)
- Dividende betaal (3)
- Netto verandering in kontant en kontantekwivalente (4)

3.1.2 Voltooi die kontanteffekte in beleggingsaktiwiteite in die Kontantvloei-staat. (9)

INLIGTING:

A. Uittreksel vanaf die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Mei 2020:

Waardevermindering	R235 500
Inkomstebelasting	533 100

B. Vaste bates:

Toerusting is teen drawaarde van R168 000 gedurende die finansiële jaar verkoop.

Nuwe vaste bates is gedurende die jaar aangekoop.

C. Uittreksel vanaf die Balansstaat:

	2020	2019
Vaste bates teen drawaarde	R3 010 500	R2 690 500
Beleggings	635 000	965 000
Handelsdebiteure	149 600	152 000
SAID: Inkomstebelasting	51 800 (Kt.)	46 200 (Dt.)
Kontant en kontantekwivalente	119 000	17 400
Langtermynlaste: Lening	990 000	860 000
Handelskrediteure	345 000	586 000
Aandeelhouders vir dividende	176 000	102 000
Oortrokke bank	0	85 300

D. 'n Interim dividend van R132 000 is gedurende die jaar betaal.

20

TOTAAL: 100

GRAAD 12 REKENINGKUNDE-FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Niebedryfslaste : Aandeelhoudersbelang
(Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandeel}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhoudersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandeel}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandeel}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprijs per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	
LET WEL:	
* In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandeel is, word die gewoogdegemiddelde-getal aandeel in die praktyk gebruik.	